**H/S MONTAGU POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: *086 5447251* EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.co.za**

# Hoërskool Montagu

## Nuusbrief 3 van 2023

Liewe Montie Ouers / Voogde, Leerders en Ondersteuners

Die derde kwartaal, tradisioneel die bedrywigste kwartaal van die jaar, is soos gewoonlik vol hoogtepunte. Ons is dankbaar vir almal se deelname en ondersteuning.

### Dwelmmisbruik is 'n realiteit. Is ons kinders veilig?

Hoekom raak jongmense by dwelms betrokke? Redes hoekom hulle dit enigsins oorweeg het:

**Groepsdruk:** Vriende wat saam kuier en uithang by diskoklubs, ens.; in omstandighede waar die ritme en polsslag van die musiek jou nie meer helder laat dink nie; en dit *fun* kan wees om dwelms wat jou aangebied word te gebruik; ten einde 'n *high* te bereik. Dit is 'n euforiese toestand wat alle inhibisies uitwis en lei tot seksuele losbandigheid. Selfs as jy kuis is en kuis lewe sal die gebruik van dwelms soos alkohol jou teen jou sin dinge laat doen wat jy, as jy nugter is, nie sal doen nie. Jy word blootgestel aan groepsaktiwiteite soos *gang-rape* waar die individu dink hy/sy dra geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid nie. 100% van die slagoffers kan die volgende oggend nie eens 'n verslag gee wat regtig met hom/ haar gebeur het nie. Daar is net 'n gat in die geheue. Dwelms wis kortermyn geheue uit.

**Verveeldheid:** Hiér is die ou spreekwoord steeds waar: Ledigheid is die Duiwel se oorkussing. Ten spyte van al die moderne tegnologie en dinge waarmee die jongmens hom/haar kan besig hou, is hulle steeds verveeld (*bored*) met hulle self en hulle omstandighede. Hulle soek na iets meer, 'n *kick* in die lewe. Dit lei daartoe dat kinders iets nuuts wil probeer; en as hulle energie nie reg gekanaliseer word nie, raak hulle by verkeerde dinge betrokke, wat dwelms insluit. Hierdie toestand kom veral by hoër sosiale klasse voor, waar kinders genoeg geld tot hulle beskikking het, en dit kan bekostig om hulleself in plekke te bevind waar dwelms ens. beskikbaar is om mee te eksperimenteer.

**Onkunde:** Die meeste jongmense raak by dwelms betrokke, omdat hulle dink dit is onskuldig: *Think it's going to be fun* - om dan later tot hul spyt agter te kom:

- *but it was actually all the opposite of fun.*
- *It's about doing the wrong thing at the wrong time*
- *It's definitely a dangerous road to go down*
- *It's like playing Russian Roulette with your life – you actually have no idea of what you are getting yourself into.*

Graad 12 Eksamenvergadering en Motiveringsgeleentheid vind plaas op Dinsdag 17 Oktober 2023. Die ouers/voogde en leerders vergader om 17:30 in die skoolsaal waarna die leerders om 18:45 na die Klubhuis verdaag. Hierdie vergadering is verpligtend vir elke matriekleerder en hulle ouers/voogde.

**AFWESIGHEID**

Kontak asb. die skool voor 09:00 soggens, indien u kind ernstig siek / afwesig is. Leerders moet asb. 'n geldige afwesigheidsbrief inhandig, sodra hulle terug is by die skool. Versuim om kontak te maak of 'n brief in te gee, sal lei tot detensie. Sterk asb. ons hande.

Montagu Hoërskool wen al 5 trofees by die jaarlikse #AWAM fees..



Gr. 8 Ehrin Banda
Gr. 9 Afrika mural
Gr. 10 LeMarc Alcaster
Gr. 11 Franco Stemmet
Gr. 12 Bernadette Visser

Monties…
"Die skool met omgee-harte.
Die skool met skop!
Die skool in die gemeenskap, vir die gemeenskap!"

## Selfone

Die volgende raad vir ouers en skole het in die Sunday Times verskyn:
Wat ouers kan doen:

- Wag so lank as moontlik voor u toestem om aan u kind 'n slimfoon te gee met internetverbinding. Vroeë laerskooltyd is hopeloos te vroeg;
- Persoonlike rekenaars met 'n internetverbinding moet in die huis se gedeelde spasies (bv. kombuis / woonkamer) opgestel wees. Verkieslik in oop areas waar ander familielede gereeld verbystap;
- Gebruik filters en monitors soos Shield My Teen, Net Nanny en K9 wat die meeste pornografie en geweld blokkeer;
- Praat met u kind oor sexting, kuberbullebakkery en veiligheid op sosiale media;
- Inspekteer u kind se selfoon in sy/haar teenwoordigheid. As u die reg het om sy/haar vriende in lewende lywe te ontmoet, het u ook die reg om sy/haar aanlynvriende te leer ken om vas te stel of hulle is wie hulle sê hulle is;
- Dring aan op u kinders se wagwoorde. Indien die wagwoorde verander word, moet u daarvan weet;
- Hou gereeld openlike gesprekke met u kinders oor die gevare van sosiale media;
- Wees baie versigtig met u eie gebruik van sosiale media. U voorbeeld is veel meer werd as reëls.

Die BK van 2023 sluit die jaar af met 'n lekker ete by die "The Vic Restaurant".



**BELANGRIKE DATUMS : 4DE KWARTAAL**

**Oktober**

| | |
|---|---|
| 10 | **Skool heropen 8:00 (Someruniform / Somerstye)** |
| 11 | Cancervive besoek die skool (08:30) |
| 13 | Sivviedag BK / Landloop pretloop (18:00) |
| 16 | Netheidsinspeksie |
| 17 | Gr 12 Eksamen vergadering en motiveringsaand (17:30) |
| 19 | Prysuitdeling / Gr 9 Sistemiese Toetse |
| 20 | Matrieks Laaste Dag: Gebedsontbyt, Matriekouer-tee, Afskeidsaal |
| 21 | The Hills Challenge: MTB & Trail run |
| 23 | Personeel aandtoernooi: Netbal en Rugby 'touchies' vs. skool |
| 24 | Gr 12 RTT Finale Eksamen Prakties |
| 25 | Geesboumiddag: BK, Jnr. en Snr. VRL |
| 27 | Tenniskampioenskappe finaal |
| 28 | BK Gholfdag |
| 30 | Graad 12 NSS Eksamen Begin |

**November**

| | |
|---|---|
| 01 | Kultuurtoekennings / Kooroptrede met Jak de Priester te NG Kerk Robertson |
| 06 | Begrotingsvergadering (Ouers/Voogde: 18:00 / SBL: 18:45) |
| 13 | Graad 10 en 11 Eksamen begin (Praktiese vakke) |
| 15 | Graad 10 en 11 Eksamen begin (Eksamen tye: 08:00-13:00) |
| 20 | Graad 8 en 9 Eksamen begin |

**Desember**

| | |
|---|---|
| 01 | Graad 8 tot 11 Eksamen eindig |
| 04 | Graad 8's van 2024: Oriëntering |
| 06 | Graad 12 NSS Eksamen eindig |

# Merk die datum!
# Hoërskool Montagu Feesnaweek 2024:
# 23 en 24 Augustus

**Emosionele onstabiliteit:**

Die mens is 'n emosionele wese, wat sy wêreld rondom hom/haar, nie net fisies beleef en beskou nie, maar ook op 'n geestelike en emosionele vlak. Veral jongmense wat op die drumpel van kindwees en grootmens is (puberteit), beleef gevoelens en emosies wat hulle nie altyd verstaan nie. In ons moderne wêreld waar die sogenaamde perfekte lewe onrealisties in die media, soos die TV; internet en tydskrifte voorgestel word, beland jongmense wat drome het oor hulself en hulle toekoms baie keer in 'n spiraal van emosionele denke, wat hulle sukkel om vir hulself uit te sorteer. In 'n lewe waar ouers spartel om materieel te oorleef, verloor ons baie keer onsself en ons kinders. Is ons baie keer nie bewus daarvan as ons kinders met 'n probleem in hulself worstel nie. Is daar nie meer tyd om as gesin om die tafel te sit en in mekaar se lief en leed te deel nie.
Dit is dan wanneer jongmense soms 'n uitweg soek op verkeerde plekke of maniere. Soek hulp as jy worstel in jou lewe. Daar is iemand wat sal luister as jy hulp soek.
Praat met jou ouers, jou predikant, jou onderwyser; mense met lewensondervinding; ons wil jou graag help!

As dit vir jou voel jou probleme raak te veel vir jou en jy kan dit nie self meer hanteer nie. Jy kyk net te veel teen jou probleem vas en sien nie die oplossing reg langs dit raak nie. Dit is dan wanneer 'n persoon wat objektief buite jou probleem staan; dalk net aan jou 'n ander perspektief kan gee. Moenie uitstel nie! Soek hulp en praat oor jou probleem.

Daar is iemand wat sal luister!
Wanneer jy te veel aggressie beleef. Aggressie is nie altyd verkeerd nie, maar moet reg gekanaliseer en beheer word. Sorteer die rede vir jou aggressie uit; wat gewoonlik frustrasies is wat jou magteloos laat voel.

'n Mens kan baie meer uitrig in jou lewe deur die regte ingesteldheid en positief oor jouself en ander te dink. Eerder as om alles met geweld te wil regmaak, of ontvlugting te soek in iets soos dwelms en drank.

Vir 'n kind van die Here is jou verhouding met Hom die belangrikste; want jou verhouding met God-Drie-Enig, bepaal en deurgrond al die ander verhoudings in jou lewe! In alles wat jy jou in begeef, sal jy dan eers denke gee aan wat dit aan jou verhouding met jou Skepper en Verlosser maak. Ken Hom in al jou weë! Bestudeer Sy Wil vir jou in Sy Woord en soek elke dag na Sy aangesig in jou lewe. Alleen daarin lê daar vir ons 'n seënvolle toekoms.

**Skooltye en Skooluniform kwartaal 4**

Die skool begin Dinsdag, 10 Oktober om **08:00** en verdaag om 13:00 (Aktiwiteitsperiode is van 13:00 tot 14:20). Leerders moet asb. netjies in somersuniform geklee wees.

Vanaf Woensdag, 11 Oktober volg ons normale somerstye:

| | |
|---|---|
| Maandae, Woensdae en Vrydae | 07:15 – 14:00 |
| Dinsdae en Donderdae | 07:15 – 13:00<br>Aktiwiteitsperiode: 13:00 - 14:20 |

**Ons wens al ons leerders 'n geseënde skoolvakansie toe. Die van u wat weggaan, veilig reis en geniet die ruskansie!**

Montie-groete!

Mnr. Johan Benadie

# AKADEMIE

***Graad 12 : September-eksamen:***

Slegs die graad 12-klas het die afgelope kwartaal 'n volle eksamen geskryf. Die leerplanne in al die vakke is afgehandel. Die eksamen het gedien as 'n proefeksamen met die oog op die einde van die jaar. Neem in ag dat die leerders getoets is met die volle jaar se werk en dat hierdie 'n goeie aanduiding is van wat om te verwag in die eindeksamen.

Baie geluk aan al ons graad 12-leerders wat hul doelwitte bereik het. Ons is trots op julle! Hou so vol, maar harde werk lê egter nog voor vir die eindeksamen.
Daar word op Dinsdag, 17 Oktober 2023, om 17:30 'n baie belangrike Graad 12 Eksamenvergadering en 'n Motiveringsgeleentheid gehou, met die oog op die eindeksamen. Byvoorbaat baie dankie aan die Ondersteunersklub, o.l.v. mev. Mariek Dettbarn, vir die heerlike ete en groot bederf wat beplan word. Ons wil graag ons matrieks van 2023 'n bietjie motiveer met dié geleentheid.

***Graad 8 tot 11:***

Die graad 8 tot 11-leerders het die afgelope kwartaal 'n toetsreeks geskryf. Die rapportpunte is dus 'n punt wat deur middel van deurlopende evaluering saamgestel is. Dit verteenwoordig al die akademiese aktiwiteite van die jaar tot dusvêr.
Ten einde onsekerheid by ouers uit die weg te ruim, word die promosievereistes vir die onderskeie grade ingesluit. Meet gerus u kind se punte daaraan, ten einde te bepaal of hy/ sy 'n grensgeval is, of nie. Indien daar by u enige onsekerheid bestaan, maak gerus met die skool kontak.

**Slaagvereistes Graad 8 - 9**

50%+ in Afrikaans
40%+ in Engels
40%+ in Wiskunde
40%+ in enige drie ander vakke
30%+ in twee ander vakke

**Graad 10 – 12 (6 vakke slaag)**

40%+ in Huistaal
40%+ in twee vakke
30%+ in drie vakke



## Graad 9 A Spreekkoor

Die spreekkoor is genooi deur Antjie Krog om op te tree by haar voorlesing tydens die jaarlikse Montagu Kruiefees.





**Rugby:**
Kwartaal drie is bekend vir sy moeilike teenstanders. Die 1ste rugbyspan behaal baie mooi seges oor goeie teenstanders. Hulle behaal goeie oorwinnings onder andere oor Ceres, Overberg en Bredasdorp. Die o/14 A rugbyspan wen hul interskole wedstryd 33-0. Ons is baie trots op elke rugbyspeler, julle het goeie rekenskap van jul self gegee.







**Netbal:**
Ons netbal is bekend vir die pragtige netbal wat ons speel. Hulle het hul naam gestand gehou tydens hierdie kwartaal se wedstryde. Die eerste span wen vir Overberg in 'n wipplankwedstryd 32-29 en vir Langeberg in 'n weghol wedstryd van 60-7. Baie geluk dogters, ons is trots op julle!







**Hokkie:**
Die hokkie word gekenmerk vir hul veggees. Ons was bevoorreg om die derde kwartaal bederf te word met uitstekende hokkie. Ons hokkiespelers het hulle goed van hul taak gekwyt en goeie kompetisie laat les op sê. Ons eerste dogtersspan wen in 'n spannende wedstryd vir Bredasdorp 2-1. Welgedaan hokkiespelers!

**Skaak:**
Hoërskool Montagu se skaakspan is as die Langeberg Top Schools skaakkampioen gekroon. Ons wen die o/18 gemengde afdeling. Baie geluk Monties.

**Bergfietsry:**
Ons bergfietsry het tydens ons feesnaweek 'n Boemerang aflos wedren gehou. Petri Fourie en Sias Meyer het die eerste plek gewen, gevolg met Jules Poelman en Schalk Deetlefs in die 2de plek. Anri Gous en Petri neem ook deel aan die Poison berg-fietswedren, Petri behaal 'n 1ste en 2de plek en Anri 'n 3de plek.

**7's Rugby:**
Drie van ons sewes spanne het aan ons feesnaweek deelgeneem. Die o/15 en o/17's kraai koning by hulle afdelings en stap weg as wenners van die naweek. Ons neem weer deel aan twee Frogfoot toernooie by Hoërskool Outeniqua en Hoërskool Swartland. Die o/17 span wen die plaat-finaal teen Outeniqua en stap weg met die medaljes. Die o/15's val in ekstra tyd vas en verloor die plaatfinaal.










## Koor:

Die koor het deelgeneem aan die Worcester Eisteddfod en behaal goud.



## Eistedfod:

Hermien Potgieter het deelgeneem aan Riversdal se Eisteddfod en uitstekend gevaar






## Public Speaking:

Op 23 Augustus het ons 'n wonderlike middag gehad met indrukwekkende toesprake en selfversekerde Engelssprekendes. Baie geluk aan Mia Dettbarn, ons junior ‘public speaking’ wenner!

Senior ‘Public Speaking’ 2023 was voorwaar 'n vermaaklike middag!

Baie geluk aan ons Top 3: Carlene Segelaar (3de plek), Kezia Malgas (2de plek), en die wenner, Franco Stemmet. Welgedaan aan alle deelnemers .

## Junior Spelling Bee:

Dankie aan al die leerders wat aan die Junior Spelling Bee deelgeneem het dié jaar!

Baie geluk aan ons wenner Ruby-Rose O'Shea!



# Akademiese Top 20

## Graad 8

SHEDEEKE ABRAHAMS
ANZELLE ALBANIE
ELLORENSIA ANTONIE
JASON BEZUIDENHOUT
ANEL DE BRUYN
TYRICHA DE WEE
CHAYIM DU TOIT
JACQUES ENGEL-BRECHT
CORLI GOUS
ISABELLE HAHNDIEK
JAIME JOHNSON
STELLA MEYER
DJ MINNAAR
HENKO NEL
HAYLEY ODENDAAL
FANNWIN PLAATJIES
REVEAN SEGELAAR
COURTNEY TOORN
ADRIANA VISAGIE
CHRISSANDRA WIESE

## Graad 9

CLARENCE ADENDORF
JACOBUS BEUKES
SERGIO BURGER
ELISSA CONRADIE
MIA DETTBARN
TSENRE ERNEST
EUWAYCIA EYBERG
EHRIN FORTUIN
JOëL GORDON
PETER HATTINGH
ZAYWON KANA
CAITLIN KOKER
JANAE LE ROUX
RUBY ROSE O'SHEA
EMMA OLIVIER
MIEKE OLIVIER
DANIKA SCHOEMAN
LUKE SMITH
JADELYN VAN WYK
ANJA WOLFAARDT

**Graad 10**

JONEY BOOYSEN
TANYA BRAND
EMMA CARSTENS
JEMELIA DU TOIT
CALLUM FLESCH
JOMAR HANEKOM
JOHN HATTINGH
CAMERON JANSEN
TASNEEM JANSEN
LIESCHEN JOKA
HALLE JOSEPH
RICHARD KNIPE
SIYAMBONGA LIRAFU
KEZIA MALGAS
SIAS MEYER
JAYWIN NOEMDO
HERMIEN POTGIETER

**Graad 11**

FERDIN AFRICA
LIANI BEETGE
NINA BEUKES
CHELSEA BOOYSEN
NICHOLAS BRUNINGS
STEFANIE BURGER
CHRISZAAN CONRADIE
PETRI FOURIE
ROSSOUW KRIEL
CHADWIN LOTTERING
BRONLEY PEARSON
LYZé PEKEUR
FRANCO STEMMET
JANA STRYDOM
JUDAH TAEDI
GABRIEL TELFORD
ANDRé VAN DEVENTER
NICOLE VAN DER WALT
MIKELLE VERHOOG
ARNO WRIGHT

**Graad 12**

CAMERON ADONIS
BRAYDEN BAARTMAN
EWAN COETZEE
ZOE HAHNDIEK
JEAN-PIERRE MATTHEE
CARLENE MAZENGE
RAYNARD MICHELL
WILLEM NEL
ANN-LUMEY PIETERSE
CARLI PRINS
GERIANT SEGELAAR
CARLENE SEGELAAR
CHRISTIAAN SWART
CJ VAN DER WALT
BERNADETTE VISSER